



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
VIRTUEEL GEHOU OP WOENSDAG, 16 SEPTEMBER 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons

Rdl O M Stemele

Raadsheer R F van der Westhuizen

Raadsdame M van Zyl

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath en die Speaker, rdl M A Rangasamy.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 19 AUGUSTUS 2020**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Augustus 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9  
SEPTEMBER 2020**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

**5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

5.1/...

## 5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2020

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

ITEM 6.1: STATUS QUO VERSLAG INSAKE OPGEGRADERDE STRATE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT (16/5/5/1)

#### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die status quo verslag insake die toestand van opgegradeerde strate in die Swartland munisipale gebied;
- (b) Dat 'n lys saamgestel word van alle strate in die munisipale gebied wat nog nie geteer is nie ten einde die prioriteitslys te hersien ingevolge die vasgestelde kriteria.

### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

ITEM 7.1: SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP EKONOMIESE HERSTELPLAN (2/1/4/5)

#### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die Swartland Ekonomiese Herstelplan wat as **Aanhangsel A** aangeheg is;
- (b) Dat enige insette of voorstelle vanaf raadslede of amptenare ter verbetering van die plan aan Olivia Fransman by Strategiese Dienste ge-epos word voor 17:00 op Woensdag 23 September 2020;

#### **BESLUIT VERDER**

- (c) Dat die Swartland Munisipaliteit: Ekonomiese Herstelplan in konsep goedgekeur word ten einde toe te laat vir die oorweging van die insette ontvang vanaf raadslede, onder andere, die volgende deur die Uitvoerende Burgemeester:
  - (i) om die formele en informele sektor in balans te bring;
  - (ii) om kleiner besighede te ondersteun in die voldoening aan regulasies en bestand te wees teen eksterne ekonomiese skokke, byvoorbeeld Covid-19;
  - (iii) om wyses te vind om plaaslike kontrakteurs te ondersteun in die aanvaarding van tenders.
- (d) Dat kennis geneem word van die konsep Ekonomiese Herstelplan ook aan die Weskus Distriksmunisipaliteit en ander munisipaliteite gesirkuleer is as hulpmiddel .

5.1.4/...

#### 5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

### 7. NUWE SAKE

#### 7.1 WYSIGING AAN DIE 2020/2021 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die goedkeuring van die 2020/2021 Oorrol Aansuiweringskapitaal en –bedryfsbegroting deur die Raad op 25 Augustus 2020 het genoodsaak dat die 2020/2021 gewysig moet word.

#### **BESLUIT**

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2020/2021 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

#### 7.2 KANSELLERING VAN OOREENKOMS MET TRAFFIC MANAGEMENT TECHNOLOGIES (8/1/B)

Die diensverskaffer, TMT Technologies (TMT), is per tender aangestel vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 June 2022 vir die lewering van dienste in verband met die insameling van verkeersboetes en –spoedkameras.

‘n Skrywe is ontvang vanaf TMT gedurende die grendeltydperk dat hulle weens die impak van die Covid-19 pandemie nie in staat is om die diens teen die getenderde tariewe te lewer nie. ‘n Verdere skrywe is op 12 Mei 2020 vanaf TMT ontvang waarin ‘n gewysigde tariefstruktuur voorgestel word.

Dit word egter nie toegelaat om die tariewe gedurende die kontrakperiode te verhoog nie, en is daar met TMT ooreengekom om die ooreenkoms teen 31 Januarie 2021 te beëindig.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die versoek van *Traffic Management Technologies (TMT)* om hul ooreenkoms met Swartland te kanselleer in terme van artikel 14(4) van die ooreenkoms en dat hul versoek so toegestaan word;
- (b) Dat *Traffic Management Technologies (TMT)* voortgaan met die diens teen die bestaande tariewe tot 31 Januarie 2021 teen watter datum die ooreenkoms dan verval. TMT sal soos bepaal in die ooreenkoms toegelaat word om die “run off” tydperk te voltooi tot 31 Julie 2021;
- (c) Dat Swartland Munisipaliteit weer ‘n formele tenderproses volg vir die aanstel van ‘n diensverskaffer vir die termyn vanaf 1 Februarie 2021 tot 30 Junie 2023.

#### 7.3 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL (3/2/4)

Die Munisipale Beplanningstribunaal van Swartland Munisipaliteit is in 2015 ingevolge artikel 35 van SPLUMA gestig. Die tribunaal bestaan uit vyf lede waarvan twee lede ekstern aangestel word.

Die lede van die Munisipale Beplanningstribunaal se termyn loop tot einde op 30 September 2020. Nominasies is in die pers aangevra vanaf eksterne lede om op tribunaal te dien.

7.3/...

Twee nominasies is ontvang, synde die van mnr C Rabie wat tans op die tribunaal dien en die van me C Havenga.

**BESLUIT**

- (a) Dat die nominasies van mnr Chris Rabie en me Christine Havenga as eksterne lede tot die Munisipale Beplanning Tribunaal aanvaar word;
- (b) Die termyn van aanstelling is vanaf 1 Oktober 2020 tot 30 September 2025 en die diensvoorwaardes sal met die lede onderhandel word;
- (c) Die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Korporatiewe Dienste en die Direkteur : Beskermingsdienste as voltydse amptenare as interne lede op die Munisipale Beplanning Tribunaal aangestel word;
- (d) Die Munisipale Bestuurder as voorsitter van die Munisipale Beplanning Tribunaal aangewys word met die Direkteur: Korporatiewe Dienste as onder-voorsitter;
- (e) Die aanstelling van die lede van die Munisipale Beplanning Tribunaal in terme van artikel 82(11)c van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) deur die Munisipale Bestuurder in die Provinsiale Koerant bevestig word;
- (f) Alle lede, hetsy intern of ekstern, dienooreenkomstig in kennis gestel sal word.

**7.4 NOTULE VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 JUNIE 2020 (5/15/1/3)**

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepaling van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 2 Junie 2020 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 2 Junie 2020.

**7.5 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR: (1) VERSLAG VAN VOORSITTER, (2) SLEUTEL PRESTASIE-AREAS, (3) FINANSIËLE STATE (9/1/3/2/1)**

Die betrokke verslae van die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê ingevolge die bepaling van die Raad se Diensvlakooreenkoms met die organisasie vir die uitvoering van die bepaalde toerisme funksie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van

- (a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
- (b) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020; en
- (c) die inhoud van die finansiële state vir die 2019/2020 finansiële jaar

**7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2020 / (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

7.6/...

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande debiteure teen Augustus 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

#### 7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die vordering met uitstaande versekeringseise vir die periode eindigend 31 Augustus 2020.

#### 7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DOMPelpOMPE BY DIE DARLING-POMPSTASIE (8/1/B/2)

Die doeltreffende funksionering van die inlaatwerke by die Darling WWTW wat toegerus is met twee dompelpompe is van uiterste belang in die riool-suiweringsproses.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word insake die goedkeuring vir dringende herstelwerk aan die dompelpompe by die Darling-pompstasie deur Cape Armature Winders ten bedrae van R74 682.33 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
  - (i) die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
  - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses en onderbreking in dienslewering;
  - (iii) die herstelwerk aan die dompelpompe is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R74 682.33 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/239-849-425 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### 7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE LANDINI TREKKER, CK 36823 (8/1/B/2)

Die Landini Trekker, CK 36823 word in die Afdeling: Parke en Tuine aangewend vir die onderhoud van sportgronde en publieke oopruimtes.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word insake die goedkeuring vir dringende herstelwerk aan die Landini Trekker, CK 36823 deur Weskus Maganisasie ten bedrae van R80 585.63 (BTW uitgesluit);

7.9/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
  - (i) Weskus Meganisasie is die oorspronklike vervaardiger en die agent vir Landini-trekkers;
  - (ii) Dit word as onprakties beskou om die herstelwerk deur 'n ander diensagent te laat doen, aangesien Weskus Meganisasie die plaaslike agent vir Landini-trekker is;
- (d) Dat die uitgawe van R80 585.63 (BTW uitgesluit) teen teen posnommer 9/236-1253-676 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE RATKAS VAN DIE MENGER BY DIE DE-AERATION-SONE VAN DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie. Die stelsel bestaan uit verskeie komponente van meganiese toerusting om die behandelingsproses moontlik te maak en om gedeeltelik behandelde rioolwater tussen verskillende sones van die membraanstelsel te vervoer.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word insake die goedkeuring vir dringende herstelwerk aan die ratkas van die menger in die 'de-aeration zone' van die Malmesbury WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R60 932.30 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
  - (i) die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
  - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses en verdere skade aan die meganiese toerusting;
  - (iii) die herstelwerk aan die menger is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R60 932.30 (BTW uitgesluit) teen teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**